

19 September

Skrifgedeelte: Ester 8:1-17
Fokusgedeelte: Ester 8:16

Vreugde en blydskap oor die boodskap van verlossing

Die Jode in ballingskap het uitwissing in die gesig gestaar. Onder aanhitsing van die bose Haman het koning Asasveros van Persië 'n onherroeplike bevel met sy seël bekragtig dat die Jode uitgeroei moes word. Maar die Here het sy volk bewaar. Op inisiatief van Mordegai en deur die bemiddeling van koningin Ester het die Jode die guns van Ahasveros verkry. Sy bevel kon hy egter nie herroep nie, dit is met sy seëlring verseël. Toe reik hy 'n nuwe bevel uit en verseël dit: Die Jode verkry die reg om bymekaar te kom en hulle te verdedig. Die dag toe die eerste bevel tot uitwissing uitgevoer sou word, verdedig die Jode hulleself suksesvol, en die volgende dag word 'n dag van feesviering en vrolikheid.

Maar nou is die treffende: reeds voor die oorwinning, toe die boodskap van die koning hulle bereik, was daar onder hulle “*vreugde en blydskap*”. Nog voor die finale verlossing. Vreugde oor die boodskap van die bevryding wat kom. Vreugde oor die goeie nuus van wat nou vir hulle mag voorlê. Hulle verkeer tussen die aankondiging en die werklikheid van verlossing. En reeds is daar vreugde en blydskap.

Natuurlik beleef jy as gelowige vandag veel meer. Jesus Christus het reeds jou verlossing bewerk. Maar daar is nog stryd en volharding, die finale verlossing is nog aan die kom. Maar ons het reeds die boodskap daarvan gehoor. Verseël, nie met die seëlring van 'n aardse koning nie, maar deur die Heilige Gees wat die pand en waarborg is van die glorie van God wat kom. En die boodskap van verlossing: nie 'n koning se boodskappers nie, maar die onwrikbare Woord van God.

Sal daar dan nie by ons ook vreugde en blydskap wees nie? Waarom dan so stug en strak? Waarom dan so maklik negatief? Waarom so min jubelende vreugde in ons Psalmsang? Ons het die boodskap van verlossing. Die blye boodskap. Deur God self verseël. Laat ons dit beantwoord met vreugde en blydskap!

Sing: Skrifberyming 1-1 (24):7; Psalm 126:1 (2de melodie)Ds. C Aucamp (Bergsig/Andeon)